AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL NOVEMBER 2009
VRAESTEL 3

Afdeling A: Opstel

Hierdie afdeling is oor die algemeen die beste beantwoord.
Die volgende is opgelet:

Kandidate versuim om in paragrawe te skryf.
Kandidate laat na om die onderwerp en vraagnommer bo-aan die antwoord te skryf.
Kandidate dwing eie onderwerpe by bepaalde skryfstukke in.
Beplanning word dikwels nie aangedui of deurgetrek nie.
Werk is slordig.
Paragrawe word deurgehaal, woorde word deurgetrek.
Sommige kandidate skryf in potlood.
Kandidate gebruik lang, lomp sinne en herhaal gedagtes.
Punktuasie moet aandag geniet.
Basiese sinsbou en taalreëls en taalstrukture, bv. tydsvorme, ontkennende vorm en lydende vorm moet aandag geniet.
Kandidate skryf die hele stelstuk in hoofletters.
Vulgêre taal word gebruik.
Kandidate word vir verkeerde taalvlakke ingeskryf, bv. derdetaalsprekers behoort nie vir Eerste addisionele taal ingeskryf te word nie.

Afdeling B

Die formele brief is swak beantwoord.
Kandidate moet onderrig word in die formaat en vereistes vir die teks.
2.3.Tydskrifartikel
Kandidate doen nie wat gevra word nie .Vraag is dikwels slegs gedeeltelik beantwoord.
2.4. Resensie
Kandidate het gesukkel met die stelstuk.
Kandidate het bloot 'n opsomming i.p.v. mening gegee.
Resensies moet onderrig word.

Afdeling C

I
3.1 Instruksies
Oor die algemeen goed beantwoord.
Baie kandidate het slegs die eerste gedeelte beantwoord.
3.2 Dagboek
Kandidate het nagelaat na om hulle huidige gevoelens neer te skryf. Hulle het net hulle herinneringe neergeskryf.
3.3 Vorm
Dit was die gewildste keuse en is oor die algemeen goed beantwoord.

Die belangrikheid van die onderrig van die spesifieke stelstukke t.o.v. die vereistes en formaat moet nie onderskat word nie.